

Tema 2: Beeld van God, verdraaide opvattinge en bekering.

2/1 God het ons gemaak om menslike mense te wees en soos onself te lyk. God het ons nie gemaak om soos God te wees en soos God te lyk nie. Gen. 1: 27; Jes. 44: 2, 13.

Tema 2: Beeld van God, verdraaide opvattinge en bekering.

2/2 Ons is God se beeld omdat Hy ons gemaak het soos Hy mens wou maak om mense te wees en aan Hom as ons Skepper te behoort. Hy het ons gemaak volgens sy beeld hoe Hy mense wil maak. Jes. 44: 2 en 5.

Tema 2: Beeld van God, verdraaide opvattinge en bekering.

2/3 Om God se bedoeling met ons om te draai, sodat ons nie meer ons self as mense uitbeeld nie, maar God in en deur ons lewe wil uitbeeld, is afgodsdienste: sonde in die Naam van godsdienste. Genesis 3: 4; Romeine 1: 1:22.

Tema 2: Beeld van God, verdraaide opvattinge en bekering.

2/4 Omdat ons aan God behoort, kan Hy ons sit, gebruik, laat lyk en heen vat net waar Hy wil. Jes. 44: 21 Wanneer ons God aanneem en ons eiendom maak, dan kan ons God sit, gebruik, laat lyk en heen vat soos en waar en waar ons wil. Dit is afgodsdienste. Rom. 1:25.

Tema 2: Beeld van God, verdraaide opvattinge en bekering.

2/5 Verdraaide opvattinge is sondige gevoelens, gedagtes, begeertes en dade wat voorgehou en geglo word as ware liefde. Rom. 1: 24, 26, 28.

Tema 2: Beeld van God, verdraaide opvattinge en bekering.

2/6 Mense verdraai die beeld van God om sonde soos liefde te laat lyk: wanneer jou liefde vir God is om Hom te kan sit, gebruik, laat lyk en heen te kan vat soos en waar jy wil dan lyk jou mag waarmee jy mense sit, gebruik, laat lyk en vat soos en waar jy wil ook soos liefde. Rom. 1: 24 en 25.

Tema 2: Beeld van God, verdraaide opvattinge en bekering.

2/7 Die woord bekering beteken om van die verkeerde rigting na die regte rigting te draai. In die Woord van God is daar twee soorte bekerings, twee soorte draaie wat elke dag deel van ons lewe is. Klaagliedere 5: 21.

Tema 2: Beeld van God, verdraaide opvattinge en bekering.

2/8 Om van sonde verlos te word en in God se liefde te leef, moet ons wegdraai van die wet en na die evangelie toe draai. Geloof in die evangelie is die bekering waarmee ons van die wet wegdraai en na Christus toe draai. Hand 2: 38; Gal. 2:16

Tema 2: Beeld van God, verdraaide opvattinge en bekering.

2/9 Om dankbaar gehoorsaam aan God te leef, draai ons weg van sonde na die nuwe Tien Gebooe toe. Hierdie tweede soort bekering doen ons net uit dankbaarheid - nie om vergewe te word nie. Rom. 12:1; 1 Joh. 5: 2 – 4.

Tema 2: Beeld van God, verdraaide opvattinge en bekering.

2/10 In afgodsdienste verdraai hulle al twee hierdie bekerings. Verdraaide bekering 1: Om gered te word moet jy dan van Christus wegdraai na die wet toe. Rom. 10: 2, 3;

Verdraaide bekering 2: Om God te gehoorsaam moet jy van die wet wegdraai na sonde: om soos Jesus te wil wees en te lyk. Gal. 1:7; Gen. 3:4